

## Maklike gebede vir ons kinders

### Oggendgebed

Dankie Heer al is ek klein,  
vir my skool en vir my brein.  
Maak my nuttig, goed en sterk,  
Vader om vir U te werk.

AMEN

### Aandgebed

Op my stoeltjie sit ek nou,  
met my handjies saamgevou.  
Liewe Jesus ek wil U dank,  
vir my kossies en my drank.

AMEN



### Tafelgebed

Dankie vir die kos wat ons kan  
eet  
en laat ons U goedheid nooit  
vergeet.  
Dankie vir die voëls wat ek kan  
hoor sing,  
Dankie Heer vir elke ding.

AMEN

### Onse Vader

Ons Vader wat in die hemel is,  
laat U Naam geheilig word;  
Laat U koninkryk kom;  
laat U wil geskied,  
soos in die hemel  
net so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons daaglikse  
brood;  
en vergeef ons ons skulde,  
soos ons ons skuldenaars  
vergewe.  
En lei ons nie in versoeking nie,  
maar verlos ons van die Bose.  
Want aan U behoort die  
koninkryk  
En die krag en die heerlijkheid  
tot in ewigheid.

AMEN.